



ons bou brûe soos Jesus

8 September

TOERUSTINGSONDAG

NASIONALE BIDDAG VIR LEPROSE

VANDAG SE EREDIENSTE

8h30 DAVE VILJOEN

“Die onsigbare”

10h30 JAKO VISSER

“Die vormende Pottebakker”

18h30 JOHAN STEENKAMP

“Is “destiny” ‘n Bybelse begrip”

DEUROFFERS: Alta du Toit NASORG

Die sentrum vir volwasse intellektuele gestremde persone is geregistreer as ‘n nie-winsgewende organisasie. Die 160 inwoners en 50 dagsorg kliënte neem almal deel aan vaardigheidsontwikkelingsprogramme. Hoewel al die kliënte staatspensioene ontvang, is daar steeds ‘n groot tekort aan geld omdat nagenoeg ‘n derde van die kliënte nie familie het wat die tekorte kan aanvul nie. Daar word gedroom om programme uit te brei en fasiliteite op te gradeer, maar basiese behoeftes moet eerste aangespreek word. Vir meer inligting, skakel 021 913 2106 of email marina@altadutoit.org.za

KLEUTERKERK

KLEINSAAL—8h30

OPPAD MET JESUS

Wikkelwurms, Stapsoldaatjies, Kleurkabouters en Groeigoggas

KINDERKERK

GESTUURDES

JEUGSAAL - 8h30 Graad 1

GROOTSAAL - 8h30 Graad 2—5

Graad 5 en hul ouers vertrek na die 8h30 erediens na Huis Ravenzicht

TIENERBEDIENING

KERK—9h30

Graad 6 en 7 **Kos**

GROOTSAAL—18h30

Graad 8—10 “Is “destiny” ‘n Bybelse begrip”

JEUGSAAL—18h30

Graad 11 **Gawes van die Gees**

Onthou! Finansiële donasies direk aan Alta du Toit Nasorg gemaak, is belasting aftrekbaar. (tot 10% van jou belasbare inkomste). ‘n Belasting sertifikaat (18a) kan op versoek aan jou uitgereik word.

VROUEOGGEND 14 SEPTEMBER

Die tema die jaar is “Kroon van Sy skepping”. Die spreker is Dr. Almatine Leene. Kom koop kaartjies om jousef en 'n vriendin te bederf in goeie geselskap. Jou kaartjie sluit 'n bederfpakkie en heerlike eetgoedjies in. Kaartjies te koop by die kerkkantoor en na die aanddiens in die Vistenk. **Koop of borg asb. kaartjies vir die geleentheid teen R150 per persoon.**

K.V.A. TUISVERGADERING

Woensdag 11 September om 10h00 in die Grootaal. Twee dames kom met ons gesels oor interessante onderwerpe.

LIGSTAD KONSERT

Ligstad Bellville, in samewerking met die Ring van Bellville, bied op 19 September die konsert van “Drie van die Bestes 21 Jaar later” aan. Nog 'n paar kaartjies te koop by die kerkkantoor teen R150 elk.

LET WEL, SLEGS KONTANT

Vir meer inligting kontak 063 866 7007 of ligstadbellville@gmail.com

CONNECT GROEPE NUWE REEKS

Ons skop die week af met 'n nuwe reeks “Detours” van Tony Evans. Ons kyk na die lewe van Josef en hoe die lewe nie altyd 'n reguit pad loop nie. Ons gaan uitvind hoe kom jy uit na waar God wil hê jy moet wees. Indien jy belangstel om deel te word van 'n Connect groep kontak Michelle by kantoor@ngkenridge.co.za

NUWE CONNECT GROEP

Daar sal van Oktober af 'n nuwe Connect groep begin vir **getroude paartjies met kinders 3 jaar en jonger**. Kontak vir Michelle by die kerkkantoor as julle deel van die groep wil word by tel 021 913 4206 of lidmaatadmin@ngkenridge.co.za.

DIENENDE MARTHAS 2020

Ons is dringend op soek na 'n dame (of 2 vriendinne?) wat kan oorneem as die sameroeper van die groep huiswerkers wat in die omgewing woon. Hulle kom bymekaar op kwartaal Donderdae-aande. Kontak Karien by 021 913 4206 of ontvangs@ngkenridge.co.za.



@NGKenridge



@ngkenridge

BEDIENING NA BUIE—SPESIFIEKE BEHOEFTE

Ruyterwacht Senior Sentrum benodig dringend 'n **driekwartbed matras**.

Balrokke/aandrokke vir 'n funksie op 10 September.

Gesnyde bruinbrode vir die broodblikprojek.

Ornamente, kombuisware, skoon en heel speelgoed ens. wat as witolifant items verkoop kan word by die geskenkemark

Plaas skenkings in die houers in die kerkportale of bring na die kerkkantoor.

Badisa Scottsdene gaan in die September skoolvakansie 'n Lewensvaardigheidsprogram aanbied vir 30 kinders. Hulle benodig die volgende: **worsrolletjies of toebroodjies, koeldrank, party packs, vrugte, bordspeletjies en sokkerballe**. Kontak Lorraine Waterboer (maatskaplike hulpwerker) in die verband by 021 473 2821.

Badisa Kraaifontein vra of iemand dalk 'n **tent** vir 'n huislose gesin het wat in 'n plaaslike karavaanpark woon. Kontak Michelle v. Deventer, by 021 987 2940

BEDIENING NA BUIE—VRYWILLIGERS BENODIG

Sobambisana vrywilligers: Vrywilligers wat op 'n Maandagoggend wil, kan help om die gestremde kinders te voer, skottelgoed te was, saam te speel en dans en stories te lees

Moresterretjies verteenwoordiger: Ons het 'n behoefte aan 'n iemand wat skakelwerk tussen Moresterretjies Plaasskool en Bediening na Buite sal wees. Dit behels skakeling met die skoolhoof en kommunikasie oor behoeftes na die kerkkantoor toe. Die persoon sal ook bystand moet lewer aan Moresterretjies soos nodig.

Zithulele Winterskoolhoof: Ons benodig iemand met onderwys-agtergrond wat verantwoordelikheid kan neem vir 2020 se winterskool by Seaview Secondary School tydens die 2020 Zithulele-uitreik. Dit behels skakeling met die skoolhoof oor die leerplan en kommunikasie met die res van die winterskoolspan itv benodighede en kurrikulum ens.

Indien jy kan help, kontak Melanie Thirion by Melanie@ngkenridge.co.za

KENRIDGE GEBED 8 SEPTEMBER TOT 15 SEPTEMBER 2019

Gebed vir owerhede en alle mense

1 Tim 2:1-2

“Eerstens spoor ek jou aan om vir alle mense te bid met smeking, voorbidding en danksegging. 2Bid só vir konings en alle ander in gesagsposisies sodat ons in vrede en rustigheid, toewyding en eerbaarheid kan lewe.”

Bid vir Suid-Afrika

Gewelddadige protes en onrus dwarsdeur ons land en geweld teen vroue en kinders. Die polisie en vervolgingsgesag.

Politieke leiers wat die land in hierdie omstandighede moet lei.

Droogte, die moraal van boere en organisasies wat hulp verleen.

Werkloosheid en armoede.

Hooploosheid vanweë omstandighede wat swaar binne ons kom lê.

Bid vir ons gemeente se bediening na buite

Christie en Johanna Dippenaar (Taiwan) vir wysheid oor hul toekoms as sendelinge

Sonstraal gemeente se span wat Zithulele besoek in die Okt vakansie

Maitland gemeente: vir hul bediening aan die Maitland-gemeenskap

Badisa Trio: vir die maatskaplike werkers se geestesgesondheid, om in traumatiese omstandighede te moet werk

Bid vir ons gemeente

Matrieks se rekordeksamen.

Vroueoggend met Almatine Leene op 14 September.

Ligstad - *Drie van die Bestes* - konsert op 19 September.

Mense wat swaarkry met die trauma van siekte, dood, verhoudings en finansiële uitdagings.

Bejaardes tuis en in aftree-oorde.

Johanna Paxton van OWA - Cape Gate Mediclinic.

Ontvangs / ondersteuningsdiens vakature

Die kerkkantoor benodig vanaf Januarie 2020 die dienste van 'n bekwame ontvangspersoon wat ook ondersteuningsdiens sal lewer vanuit die kerkkantoor aan die gemeente se onderskeie bedieninge. Daarmee saam is ervaring in kantoorbestuur en algemene administrasie ook 'n vereiste. Belangstellendes kan navrae rig aan bestuurder@ngkenridge.co.za



Snap here to pay

 SnapScan

BANKBESONDERHEDE: NG GEMEENTE KENRIDGE * FNB WILLOWBRIDGE

BANKREK 62622466458 * TAKKODE. 250655 * VERW: Doel/jou van